# LEEF PRO-AKTIEF

Stephan Joubert (e–Kerk)

Jy's nie 'n lewenslange slagoffer van jou wisselende emosies nie. Jou gemoedstoestande is regtig in jou eie hande. **Hier's 'n paar maniere hoe jy beheer kan neem oor jou innerlike lewe in die Here se Naam:**

**Kies om die lewe pro-aktief te leef.** Weier om heeltyd net op alles en almal rondom jou te reageer. Dan leef jy reaktief. Dan is jy later 'n emosionele gevangene van jou omstandighede. Gee die pas aan deur vanuit die staanspoor pro-aktief vanuit God se Woord jou lewe te leef.

1. **Moenie dat mense se "hang-ups" jou gevange hou nie**. Galasiërs 5 leer jou **om ander se laste te dra, nie hulle "issues" nie**. Ontkoppel jou emosioneel van dreinerende mense wat soos bodemlose putte is. Moenie dat hulle jou lewensgeluk steel nie.
2. **Moenie diegene wat jou leed aandoen probeer terugkry nie**. Die Here het jou lankal bevry van mense se "oog-oog" en "tand-tand" speletjies, soos wat Hy jou in Matteus 5 leer. Moenie saamspeel as ander rondom jou kies om wraakgierig te leef nie.
3. **Bewys dankbaarheid.** Sê vir ander mense dankie wat iets klein of groot vir jou doen. Gee dikwels gepaste komplimente. **Bid gereeld vir mense en sê vir die Here dankie vir hulle.**
4. Sien elke dag minstens twee splinternuwe seëninge in jou lewe raak. Sê vir God hiervoor dankie. **Leer om dankbaar te wees. Leef in 'n dankbaarheidsritme, nie in 'n "kritikaster-shuffle" nie.**

Goeie Heer, U liefde oordek ons ganse aarde
U ontferming skitter helderder as die son
U nabyheid is kosbaarder as reën
U guns is soos 'n nimmereindigende fontein
Daarom dat ons U vandag in Christus se Naam uitbundig loof.

Amen

***Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Maak keuses sodat jy dit hierbo genoem, kan nastreef en uitleef. Deur dit te doen, voorkom jy dat jou lewensvreugde deur omstandighede of ander mense "gesteel" word.***

***Ds Leon Tait***



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Jubeljaar 60
AUGUSTUS 2014

## OM MET HOOP TE LEWE



*hy wat in hoop lewe, dans sonder musiek*
*die enigste verskil tussen diegene wat volhard en opgee is..hoop*

Niemand wat weet wat alles in die oop see kan gebeur sal sonder 'n anker op 'n skip die see invaar nie. Daar kan toestande ontwikkel wat so erg is dat die anker die enigste hoop vir almal aan boord is. Niks kan die rol van 'n stewige en veilige anker vervang nie. Ook in ons lewe en wêreld vol onsekerhede en storms is dit goed om te hoor dat daar vir ons wel 'n anker is wat hou! Die Bybel sê dat kinders van God *hoop* het as anker. In Heb 6:19 staan geskryf: *Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is.* Ons is veranker in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood, nou aan die regterhand van die Vader regeer (met volle mag en krag) en wat vir ons 'n beter toekoms gereed maak. Daarom is ons mense wat dans in ons pynlike en gebroke omstandighede, want ons hoor reeds God se toekomsmusiek! Christus is ons hoop.

> Met die bril van hoop op kyk ons met nuwe oë na onsself, die wêreld en God

Aan 'n invalide wat in 'n armoedige omgewing langs 'n koolsteengroef gewoon het, is gevra of hy nie neerslagtig word om so teen die hope steenkool vas te kyk nie.

Hy het geantwoord dat wanneer hy in sy rolstoel sit hy nie fokus op die steenkoolhope nie. Hy kyk na die peerboom wat in lentetyd spierwitbloeisels kry. Teen die swart steenkool is hulle witter as wit! Dit is vir hom 'n teken van God wat nog in beheer is en wat besig is in hierdie wêreld. God gaan nog iets beters doen net soos bloeisels nog gaan verander in pere. Die bloeisels gee my hoop want dit herinner my aan God wat lewe, in wie se goeie hande ek is en by wie alles moontlik is. Ons het die "bloeisels" van die kruis, die leë graf, Sy Gees en al die seëninge van die lewe wat ons herinner aan die beter toekoms waarheen Hy met ons op pad is. Dit maak alles wat ons nou ervaar draaglik en hanteerbaar!

> Jer 29:11 : Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

>>> Na bladsay 2

'n Medikus het eenkeer gesê: *Hoop is die medisyne wat ek die meeste voorskryf*. Hope hoop! Hoop wat bou op fondamente soos eie vermoëns, gesondheid, toekomsprojeksies, die ekonomie of ons finansiële spaarplan, mag ontnugter word. Maar hoop wat groei uit die leë graf van Jesus is vas en seker.

Hoop skyn op sy helderste wanneer die nag op sy donkerste is.
Hoop glo wanneer al die bewyse uitgewis is.
Hoop klim oor hindernisse wanneer niemand help nie.
Hoop glimlag met vertroue wanneer niemand lag nie.
Hoop hou aan op pad na oorwinning wanneer niemand wen nie.
(John Maxwell)




Daar is geen hopelose situasies nie, net hooplose mense.
Ons het nie beter omstandighede nodig nie maar net meer hoop.

Dit is nie wat *om* ons gebeur wat die meeste saak maak nie maar wat *in* ons gebeur. Hope is a state of mind, not of the world (Havel). Hoop hang nie af van omstandighede nie.

Hoop is 'n gawe van God maar ook keuse wat jy maak om te bly hoop op God. Dit is altyd te vroeg vir opgee! Wat jy ook al vandag beleef en hoe moeilik dit ook al vir jou mag wees...dit is te vroeg vir opgee want God leef! Daarom is daar hoop, self in 'n hoop-lose wêreld.

☺Die 50 dae veldtog wat 10 Augustus begin is vir ons almal uiters belangrik en nie een van ons kan bekostig om dit mis te loop nie want dit wil ons juis help om die vlam van hoop in ons lewe sterker te laat brand. Die tema van die 50 dae is: Hoop wat groei en groei!

Sien uit om saam met jou die 50 dae-pad van hoop wat groei, te loop!

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (Rom 15:13)

***ds Leon van Heerden***

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **9 Aug:** Vakansiedag - Nasionale Vrouedag
- **24 Aug:** Nagmaal @ 9:00
- **31 Aug:** Gesinne in Harmonie-diens
  Youthbash @ 18:00 - Belydenisaflegging

Sien jou daar!



# *Die Gemeente wat vir almal omgee!*

Omgeegroepe
Ons gee om.

NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

## Kambodja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.
Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:
Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900
Verwysing: Voedingskema




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com

# RIETFONTEIN-SUID WEBWERF

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf.

Weeklikse opdatering word gedoen op die gemeentekalender, Bybellees program, gebedsake en vele meer.



Besoek ook gerus Die Koffiepot - waar u van die gemeente se media kan aflaai in PDF format, soos - Bybel Blokraai, Gebeds-kalender, gemeentekalender, Gesinne in Harmonie, Oestyd, Pennefluitjie, Die Rietfluit, Saampraat blad en die Verskil.

**www.rietfontein-suid.ng.org.za**


To God the Glory

# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

**At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:**

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*

Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue




# Taakspan vir Vroue

Hierdie Taakspan se visie is: "Om met omgee-liefde, diensbaar vir die gemeente en God se Koninkryk te wees". Dit is ook wat `n groep, van sowat honderd vroue, in die gemeente doen, deur `n geringe bydrae van R20 per maand en die opbrengs van ons gewilde kopergeldbussieprojek. Saam met gewillige diensbare dames en hulle toewyding lewer hulle `n waardevolle bydrae.

Die fondse word nie net vir opgadering soos die Oase in 2013 gebruik nie, maar vir `n verskeidenheid ander take binne en buite die gemeente. Die saam kuier aan die einde van die jaar bly 'n hoogtepunt.

Elke dame word uitgenooi om deel te word van hierdie pragtige bediening waar hulle die verskil kan sien wat hulle maak!!!

Seënwense

Bestuur: Taakspan

# HOOP WAT GROEI EN GROEI

# 50 DAE VELDTOG 2014

**'N GELEENTHEID WAT VIR JOU NUWE HOOP SAL GEE IN HIERDIE WÊRELD WAAR DAAR MIN HOOP IS.**

Ons is een van meer as 100 Gemeestes uit verskillende Kerke wat gaan deel neem.

Daar is <u>DRIE KRAGPUNTE</u> waarby jy vir die veldtog kan inprop:



**1. By 7 Sondae se Oggenddienste (Aanddiente Jeug ook)**

**2. Dagstukkie - Boekie oor Tema van Hoop**

**3. Inskakel by 'n Groep tdens die 50 dae vir eenkeer per week se samekoms waar daar na 'n DVD gekyk word en dit bespreek word.**

JY SAL VERSEKER DIE MEESTE WAARDE PUT UIT VELDTOG INDIEN JY BY AL DRIE KRAGPUNTE INPROP.

Indien jy wil inskakel en nie tans aan 'n omgeegroep behoort nie, sal ons jou by die afskopgeleentheid help om deel van 'n omgeegroep vir hierdie periode te word.

**☺ONS 50 DAE VELDTOG SKOP <u>SONDAG 10 AUGUSTUS</u> AF!**

ALLES WAT NODIG IS VIR DEELNAME SAL JY DAAR ONTVANG

DAAR GAAN SPESIALE PROGRAM WEES VIR DIE AFSKOPDIENS VAN DIE VELDTOG OP 10 AUGUSTUS

*Indien jy enige navrae het kontak Ds Leon van Heerden by 083 660 1803*



## Genade van die onveranderlike God


*Maar Ú, Here, U heers vir altyd, u troon staan vas van geslag tot geslag. Waarom sou U ons dan bly vergeet, ons vir altyd verlaat? Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees, gee ons weer die bestaan van vroeër. Of het U ons heeltemal verwerp? Is u toorn oor ons so groot? - Klaagliedere 5:19-22*

Jeremia beskik oor 'n onwrikbare oortuiging: God verander nie! Ons getrouheid en ons gevoelens is so verbygaande, maar God bly altyd dieselfde. Ons dwaal weg en God bring ons terug. Ons verloor ons vreugde en God herstel dit.

Al bid Jeremia vir sy volk, help sy woorde ons om ons eie lewe in perspektief te plaas. Die ewige God is in beheer en Hy is magtig om ons op te hef wanneer ons geval het.

Erken in gebed jou volkome afhanklikheid van God. Dit is een van die eerste stappe wat ons in gebed moet neem, want dit is die basis waarop ons keer op keer tot God kan kom met ons nederige versoeke.

God bly vir ewig dieselfde; dis ons wat van Hom af wegdwaal. Maak vandag tyd in jou gebed om God te dank vir sy onveranderlike karakter.




THERE IS MORE

Mercy in Christ

THAN SIN IN US